2017/01/09
08:50 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2016/12/19	DATUM 2016/12/12			+ - WEEK GELEDE 2016/12/05		+ - MAAND GELEDE 2016/11/21		+ - JAAR GELEDE 2015/12/21	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	56.88	0.25	0.4%	56.63	5.5%	53.94	19.9%	47.44	49.5%	38.05
US$: ? ZAR	13.76	0.000	0.0%	13.76	0.7%	13.67	-4.8%	14.45	-9.1%	15.13
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1,939.29	33	1.7%	R 1,906.79	* CBOT Dec sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Mielies Dec +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2,138.66	116	5.8%	R 2,022.37	*CBOT Dec sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Koring Dec +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4,985.15	-258	-4.9%	R 5,243.00	*CBOT Jan sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Soy Jan +-12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Spot	358.00	6.00	1.7%	352.00	1%	355.00	4%	345.00	-6%	379.00
Wheat Spot	423.00	23.00	5.8%	400.00	4%	407.00	4%	408.00	-14%	493.50
Soybean Spot	986.00	-51.00	-4.9%	1037.00	-4%	1028.00	-1%	993.00	13%	874.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM SPOT	3300	0	0.0%	3300	-7.6%	3570	-2.4%	3381	2%	3230
WMAZ SPOT	3551	-426	-10.7%	3977	-9.8%	3935	-12.1%	4040	-9.1%	3907
YMAZ SPOT	3325	119	3.7%	3206	4.5%	3183	1.3%	3283	-1.8%	3387
SOY 50 SPOT	6300	-220	-3.4%	6520	-3.4%	6520	-6.0%	6700	-1.1%	6367
SUN SPOT	5480	-351	-6.0%	5831	-6%	5800	-10%	6085	-22%	7010
WHEAT SPOT	3958	33	0.8%	3925	2%	3874	0%	3973	-16%	4732
OLIESADE	2017/01/06	Bron: Oilworld			2016/12/16		Feb 2016		Maart 2015	
Soya-oil, Arg.	803				-4%	833	4%	769	19%	676
Soya-pell, Arg.	342				2%	335	1%	339	-7%	368
Soybean, Brazil	421				0%	421	3%	410	3%	410
USA Runner 40/50	1600				0%	1600	0%	1600	23%	1300
Sun-oil, Arg.	750				-2%	765	-1%	755	-6%	800
Sun-oil, Black Sea	765				-2%	780	2%	750	2%	750
Sunseed,Black Sea	395				-1%	400	-1%	400	-3%	409
Rapeseed, EU cif	441				0%	440	4%	425	11%	399
Palmk oil Mal, EU	1650				-1%	1670	12%	1470	59%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Mark oorsig: Die rand het met ongeveer 0.95% verswak vanaf Vrydag 12:00 en verhandel vanoggend teen R13.75/$ vanaf die R13.62/$ van Vrydag. Die rand het weer terug gesak vanaf die ongeveer 4 weke hoogtepunt wat bereik was verlede week. Die rand kom effens onder druk as gevolg van die sterker doller wat ook weer herstel het na die verswakking verlede week. Plaaslik is die fokus tand grootliks op die inflasiekoerse asook wat die SARB se besluite sal wees met betrekking tot die rentekoerse plaaslik. Ander kommoditeite soos die Brent Ru olie het die jaar sterk begin en die versterking duur voort met die olie wat effens sterker is as Vrydag se vlakke en teen ongeveer $56.88/vat verhandel.

Sojabone: Die globale sojaboon uitvoere het ongeveer 43.1 miljoen ton bereik vanaf September tot en met Desember 2016. Dit is die tweede grootste hoeveelhede uitgevoer wat al gerapporteer is in die geskiedenis Meeste van die uitvoere was na Sjina en hulle het 74% van die uitgevoerde sojabone onvang in vergelyking met die 69% van ’n jaar gelede. Die hoër invoere wat gesien was na Sjina toe was om te voldoen aan die groter vraag na persings en ook soja meel en olies in Sjina. Die huidige fokus in die sojaboon markte is hoofsaaklik op Suid Amerikaanse produksie kondisies gerig. In Brasilië word die verwagting vir ’n goeie sojaboon oes versterk. Groter voorrade in Suid Amerika kan moontlik druk op die Amerikaanse pryse plaas soos Suid Amerika meer kompeterend raak in terme van uitvoermarkte met lande soos Sjina wat nou meer van Suid Amerika af kan invoer. Die druk op die VSA markte word tans gesien met ’n seisoenale afname in VSA uitvoere en meer kansellasies in voringe uitvoer aankope vanaf die VSA. In Argentinië is daar steeds probleme met ongunstige weersomstandighede en oormaat reën wat vloede veroorsaak in die sojaboon produserende streke van Argentinië. Die vloede het ook aanplantings beperk en die huidige verwagtinge is dat die aanplantings in Argentinië die laagte in 5 jaar kan wees. Die Argentynse regering het ook aangekondig dat die uitvoer belasting op sojabone vanaf 2018 af behoort te daal, maar vir 2017 sal dit steeds teen die hoë vlakke wees. Die hoë uitvoer belasting tesame met die produksie moeilikhede in Argentinië kan moontlik ’n perk plaas op die sterker beermark vooruitsigte in die internasionale sojaboon markte. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboon mark het verlede week gemeng verhandel en het aanvanklik vroeg in die week onder druk gekom. Die mark het egter weer van Woensdag af begin optel, maar was nie genoeg om die verliese van vroeër die week te troef nie. Die mark het Vrydag effens laer afgesluit as waarteen dit Maandag geopen het. Die plaaslike sojaboon pryse en die afgeleide pryse het nader aan mekaar begin verhandel, met die plaaslike prys steeds effens bo die afgeleide pryse.

Sonneblom Saad: Die sonneblom saad uitvoer het grootliks toegeneem tot dusver hierdie jaar met die Oekraïene as die grootste uitvoerder van sonneblom saad. Die Oekraïene het die sonneblom saad olie uitvoere ’n hupstoot gegee met 300 000 ton vanaf September tot November 2016 met die grootste handelsvennote Indië, Iran, Sjina, Noord Afrika en die EU. In September tot en met November 2016 het die sonneblom saad uitvoere met 200 000 verhoog vanaf die vorige jaar tot en met 700 000 ton. In dieselfde periode het sonneblom saad olie die grootse toename van 500 000 ton tot 2..2 miljoen ton getoon, terwyl die uitvoer van sonneblom meel 200 000 ton toegeneem het tot en met 1.6 miljoen ton globaal. Die sonneblom olie pryse was tot dusver in die seisoen baie aantreklik in vergelyking met die ander groente olies. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblom saad mark het hoofsaaklik laer verhandel verlede week met slegs Vrydag se pryse wat effens toegeneem het. Die toename Vrydag was nie genoeg om die res van die week se verliese af te weer nie en die mark het die week laer afgesluit as waarteen dit Maandag oopgemaak het. Die plaaslike sojaboon pryse verhandel tans teen min of meer gelyke vlakke as die afgeleide sonneblom pryse.

Kanola: Sterk invoer vraag na die EU en Pakistan het die Kanadese kanola uitvoere vir November 2016 tot ’n rekord vlak van 980 000 ton gehelp. ’n Geskatte verwerking van 810 000 tot 820 000 ton kanola in Desember 2016 het gehelp dat die kanola verwerkings vanaf Augustus tot Desember moontlik met 500 000 ton kan toeneem tot ’n rekord van 3.9 miljoen ton. Die Australiese kanola uitvoere het toegeneem tot ’n 3 jaar hoogtepunt van 493 000 in November wat 35% hoër is as die vorige jaar en ’n rekord vir die maand is. Na die buitengewone lae uitvoere in Oktober is die Australiese uitvoere nou weer op koers om tenminste ’n gedeelte van die EU se tekorte aan te vul. **Plaaslik:** In die nuutste Oesskatting wat Desember 2016 bekend gemaak was is die verwagte kanola produksie vir die seisoen effens laer aangepas vanaf die November skatting tot en met 108 860 ton vir die seisoen. Die November skatting was 112 260 ton gewees.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.